Joernalistiek

"Joernalistiek is waarskynlik geskiedenis se eerste kopie"
- Geoffrey C. Ward

Doelwit: *Om die Verkenner bloot te stel aan komponente van joernalistiek.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Hierdie spesialisasie kan die bewustheid by die Verkenner kweek dat hy deur middel van sy joernalistieke vaardigheid sekere waardes en norme aan die gemeenskap kan oordra en so sy positiewe Afrikanerskap, burgerskap en Christenskap kan uitleef.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Taakgebonde	**Graadgroep:**	8 - 12
Aanbieding:	Individueel, in span- of kommandoverband of op gebiedskampe		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Uitgewery besoek en volledig verslag kan gee oor:*
   - *1.1 Finansiering van 'n publikasie.*
   - *1.2 Verspreiding van 'n publikasie.*
   - *1.3 Wetlike aspekte rakende beriggewing.*
   - *1.4 Verskillende poste in die koerant bedryf.*
   - *1.5 Vereistes vir 'n geslaagde berig.*

2. *'n Plakboek maak met:*
   - *2.1 Voorbeelde of fotostate van minstens drie publikasies ouer as dertig jaar.*
   - *2.2 Die voorblad van dagblaaie uit die Vrystaat, Natal, Kaapland en Transvaal asook soveel as moontlik hoofstede (of fotostate van sulke blaaie).*
   - *2.3 Voorbeelde van berigte oor: finansies, sensasie, sportgebeure, natuurrampe, politiek, misdaad, boekresensies en humoristiese gebeure.*
   - *2.4 Voorbeelde van spotprente rakende sake van die dag.*
   - *2.5 Voorbeelde van Afrikaanse tydskrifte (slegs voorblaaie).*

3. *Vir ten minste **drie** publikasies lid wees van die redaksie van een van die volgende:*
   - *3.1 Streekskoerant.*
   - *3.2 Skoolkoerant.*
   - *3.3 Jaarblad.*
   - *3.4 Kerkblad/koerant.*
   - *3.5 Kampblad.*

4. *Bewys lewer van ten minste die volgende eie werk:*
   - *4.1 Een gepubliseerde berig.*
   - *4.2 Een foto wat geplaas is.*
   - *4.3 Een advertensie gewerf.*
   - *4.4 Een onderhoud gevoer.*